GRONDWET

DIE SUID-AFRIKAANSE BOERBOEL TELERSVERENIGING

WOORDOMSKRYWING

Wanneer dit in hierdie Grondwet gebruik word en ’n strydige mening nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken

a) *aantekening* die prosedure van inskrywing van Boerboele in die Ontwikkelingsregister wat beheer word deur die SABT;

b) *eisel* die bevrugte of onbevrugte ovum van ’n Boerboelteef;

c) *Grondwet* die Grondwet (saamgelees met die Bylae tot die Grondwet en enige wysigings daartoe deur die Raad);

d) *identifisering* die metode om een Boerboel van ’n ander te onderskei deur ’n betroubare wetenskaplike metode;

e) *Raad* die Raad van die Suid-Afrikaanse Boerboel Telersvereniging;

f) *registreer* die prosedure van inskrywing van Boerboele in die Registrasieregister wat beheer word deur die SABT;

g) *SABT* die Suid-Afrikaanse Boerboel Telersvereniging;

h) *semen* die semen van ’n Boerboelreun;

i) *Standaard van Voortreflikheid* die Rasstandaard of beskrywing van hoe ’n Boerboel moet lyk;

j) *Uitvoerende Komitee* die dagbestuur van die SABT wat deur die voorsitter en ondervoorsitter aangewys word uit verkose lede van die Raad wat hulle sal bystaan om die SABT op ’n daaglikse basis te bestuur en vinnige besluite te neem om die verrigtinge van die SABT vlot te laat verloop;

k) enige verwysing na die manlike sal die vroulike insluit.

LATYNSE WOORDE SE BETEKENIS

a) *Ex Officio* - uit hoofde van hulle poste.

b) *Mutatis Mutandis* - met die nodige veranderinge.

c) *Domicilium* - adres van betekening van prosesstukke en teen uitvoerlegging.

GRONDWET

1. NAAM VAN DIE VERENIGING

Die naam van die Vereniging sal *Die Suid-Afrikaanse Boerboel Telersvereniging* wees, hierin later genoem die SABT.

2. DOELSTELLINGE EN MAGTE

Onderhewig aan die bepalinge van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellinge en magte van die SABT om

2.1 die teelt, verbetering en veredeling van Boerboele regoor die wêreld aan te moedig deur uitvoering te gee aan die magte en pligte verleen aan die SABT ingevolge die Wet en hierdie Grondwet ten op sigte van aantekening of registrasie van stambome by die SABT, asook die lewering van tegniese, adviserende en keuringsdienste of op enige ander wyse;

2.2 die rasegtheid van die Boerboel te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele belangstelling in die ras te bevorder;

2.3 noukeurige stambome en besonderhede van rasegte Boerboele saam te stel, te bewaar, in stand te hou of te laat saamstel, met die doel vir aantekening of registrasie by die SABT;

2.3.1 'n Ontwikkelingsregister vir Boerboele te open of te sluit, welke Ontwikkelingsregister net in uitsonderlike gevalle heropen sal word en om prestasiegegewens en telingsrekords (rekords van prestasie van nageslag) van Boerboele te versamel en te verwerk en om standaarde neer te lê wat as seleksiebasis en minimum registrasiestandaarde gebruik kan word, asook om sodoende die knelpunte in die teel van die Boerboele te identifiseer en uit te skakel;

2.4 'n *Standaard van Voortreflikheid* vir die ras op te stel;

2.5 fotosketse saam te stel of te laat saamstel om as voorbeelde te dien van die korrekte statuur van beide Boerboelreuns en Boerboeltewe;

2.6 in die algemeen alles in sy vermoë te doen ter bevordering van sy lede se belange met betrekking tot hul bedrywighede in verband met Boerboele;

2.7 inligting in te win en te versprei aangaande die beste wyse waarop die teling van Boerboele die beste uitgevoer en op die voordeligste manier uitgebou en voortgesit kan word en lede op hoogte gehou kan word van wetenskaplike en ander ontwikkelings;

2.8 sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer soos aan die SABT opgelê is deur die Wet en hierdie Grondwet; en

2.9 om in die algemeen die publiek en privaat persoon te beskerm teen uitbuiting deur lede van die SABT.

3. LIDMAATSKAP

3.1 Wie daarvoor in aanmerking kom

Lidmaatskap van die Vereniging is beskikbaar aan enige persoon, maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid, enige plek ter wêreld, wat 'n konneksie het met die aanhou, teling, veredeling of enige navorsing in verband met die Boerboel.

Daar is die volgende lede:

a) ***Gewone lede***

Alle persone bo die ouderdom van 18 jaar wat direk of indirek gemoeid is met Boerboele, kan vir lidmaatskap van die SABT as *Gewone Lede* in aanmerking kom. Vir die doeleindes van hierdie subklousule word 'n maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid beskou as 'n persoon wat vir gewone lidmaatskap van die SABT in aanmerking kan kom.

b) ***Junior lede***

Persone onder die ouderdom van 18 jaar mag, mits die Raad dit goedkeur, *Junior Lede* word. Sodanige junior lede sal geen stemreg op vergaderings hê nie en nie tot die Raad verkiesbaar wees nie. Na die betaling van die vasgestelde geld mag hulle aan die ander aktiwiteite van die SABT deelneem.

c) ***Boerboelklubs***

Boerboelklubs waarvan die lede almal lid van die SABT is, kan by die SABT as gewone lid affilieer, met dien verstande dat die Boerboelklub sy grondwet aan die SABT vir goedkeuring moet voorlê. Genoemde Boerboelklub kan nie as teler registreer nie, het geen stemreg nie, en kan nie as ampsdraer verkies word nie. Enige lid van die Boerboelklub kan as ampsdraer verkies word.

3.2 **Maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid**

3.2.1 'n Maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid wat om *Gewone Lidmaatskap* aansoek doen, moet aan die SABT sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die SABT verder in kennis stel van die naam en adres van die persoon wat aangestel is om as sy verteenwoordiger op die vergaderings van die SABT op te tree; op die verdere voorwaarde dat sodanige persoon die reg sal hê om skriftelik 'n plaasvervanger te benoem. Sodanige skriftelike benoeming moet die SABT nie later as voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, bereik nie.

Ten opsigte van 'n vennootskap moet die volle name en adresse van alle vennote by tye van aansoek om lidmaatskap aan die SABT verstrek word.

3.2.2 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 3.2.1 uiteengesit, gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid bestel te wees indien gerig aan die geregistreerde kantoor of gekose *domicilium* van sodanige regspersoonlikheid en op alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid bygewoon word, word die maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

3.2.3 Die hoofpersoon wat op so 'n manier aangewys is om sodanige maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid te verteenwoordig, mag tot die Raad verkies word.

3.2.4 Indien so 'n maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid in gebreke bly om aan die vereistes van *Gewone Lidmaatskap* te voldoen, soos in Klousule 3.1(a) en 3.1(b) uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die SABT beëindig word en die bepalinge van die volgende Klousule 3.2.5 sal *mutatis mutandis* ten opsigte van so 'n maatskappy, vennootskap en regspersoonlikheid van toepassing wees.

3.2.5 In die geval van die likwidasie van 'n maatskappy of die ontbinding van 'n vennootskap of regspersoonlikheid, sal lidmaatskap van die SABT outomaties ten einde loop met dien verstande dat:

a) alle geld of bedrae aan die SABT verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die SABT van die likwidateur van sodanige maatskappy, of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige vennootskap of regspersoonlikheid ingevorder sal word;

b) die likwidateur van sodanige maatskappy en die lede van sodanige vennootskap of regspersoonlikheid verplig sal wees om al die verpligtinge van so 'n maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid na te kom ten opsigte van registrasies, oordragte, of enige verpligtinge wat die maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid sou moes nakom as lid van die SABT;

c) enige geld wat betaalbaar mag wees, soos ledegeld, registrasies, oordragte of ander verpligtinge wat na so 'n outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal vir *Gewone Lede* of *Lewenslede* opgelê sal word.

3.3 **Aansoek om lidmaatskap**

3.3.1 Aansoek om lidmaatskap van die SABT moet op die voorgeskrewe vorm aan die SABT gerig word. Die aansoek moet ook vergesel wees van die betrokke subskripsie en/of intreegeld soos bepaal deur die Raad van die SABT.

3.3.2 Die Raad, by monde van die sekretaris/-esse, mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, of enige aansoek weier sonder om redes vir sodanige weiering te verstrek.

3.3.3 Indien 'n aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker op die terugbetaling van enige geld wat sy aansoek vergesel het, geregtig wees.

4. GEREGISTREERDE TELER

4.1 Enige lid, met inbegrip van 'n maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid, wat die eienaar van 'n geregistreerde Boerboelteef is, kan aansoek doen om 'n geregistreerde teler te word onderhewig aan sodanige voorwaardes soos die Raad van tyd tot tyd mag bepaal.

4.2 Die eienaar van 'n geregistreerde Boerboelteef is verantwoordelik vir die verkryging en indiening van 'n Dekkingsertifikaat indien 'n Boerboelreun, wat nie aan die eienaar van die geregistreerde Boerboelteef behoort nie, vir dekking gebruik word. Sodanige dekkingsertifikaat moet saam met die geboortekennisgewings aan die SABT gestuur word.

5. REGISTER VAN LEDE

5.1 Die SABT sal 'n register van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, hul posadres sowel as fisiese adres, bedrae van hul ontvang en die datum van betaling, agterstallige geld, indien enige, asook die datum waarop die laaste Boerboele in hul naam aangeteken of geregistreer is, aangeteken moet word.

5.2 Elke lid moet die SABT skriftelik van 'n verandering van sy posadres en fisiese adres in kennis stel en alle kennisgewings of publikasies wat aan 'n lid se gegewe adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

5.3 Alle stukke wat per aangetekende pos deur die SABT aan lede versend is, sal beskou word as behoorlik ontvang, vyf dae nadat dit gepos is tensy die teendeel bewys kan word.

6. REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE

Die regte en voorregte van elke lid van die SABT is persoonlik op homself van toepassing en is nie oordraagbaar of oorerflik nie. Regte van lede sal, onderworpe aan die bepaling van Klousule 3, die volgende insluit, naamlik om

a) alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Vereniging vir verspreiding onder lede uitgegee word. Die SABT sal egter nie aanspreeklik wees vir skade gely indien enige publikasie nie ontvang word nie;

b) alle Algemene sowel as Buitengewone Vergaderings van die Vereniging by te woon en om op sodanige vergaderings te stem onderhewig aan die bepalinge van Klousules 3 en 8;

c) aansoek te doen om die aantekening of registrasie van Boerboele in ooreenstemming met die bepalinge van die Grondwet; en om

d) indien beskikbaar, alle deskundige en tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende Boerboele van die SABT se keurders en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees, moet deur die aansoeker betaal word.

7. LEDEGELD EN GELD

7.1 Alle ledegeld of enige ander geld en kommissie asook ’n jaarlikse fooi gehef te word per geregistreerde hond, indien enige aan die SABT betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en word vir kennisname op die eerste daaropvolgende Algemene Vergadering van die SABT voorgelê.

7.2 Die jaarlikse ledegeld is vooruitbetaalbaar op 1 Januarie van elke jaar en sal as agterstallig beskou word as dit nog nie op 31 Maart van dieselfde jaar betaal is nie.

7.3 Enige lid wie se ledegeld agterstallig is, of wat geld aan die SABT skuld ten opsigte van enige skuldoorsaak meer as 30 dae nadat ’n eis om betaling daarvan deur die sekretaris/-esse aan hom gerig is, sal geen regte of voorregte van lidmaatskap geniet totdat sodanige skuld aangesuiwer is nie.

7.4 Die Raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge teen ’n rentekoers soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel sal word.

7.5 Enige lid wat, om watter rede ook al, ophou om lid van die SABT te wees, sal vir alle bedrae wat ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die SABT verskuldig is, aanspreeklik bly.

7.6 Indien die Raad sou beslis dat die rekening van die lid agterstallig is, of ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so ’n lid, indien sy rekening vir insameling aan ’n firma oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste, insamelingsgeld, prokureursgeld en kliëntkoste wat dit mag meebring, saam met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die SABT verskuldig is.

8. BEDANKINGS, SKORSINGS EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE

8.1 Enige lid mag bedank as lid van die SABT deur skriftelik kennis aan die SABT te gee met dien verstande dat

a) sodanige bedanking onmiddellik in werking sal tree, en

b) geen ledegeld of gedeelte daarvan terugbetaalbaar sal wees nie, en

c) alle geld aan die SABT verskuldig ten volle betaal moet word en alle verpligtinge nagekom moet word ten opsigte van dokumente, rekords, registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur die SABT vereis.

8.2 **Skorsing van lede**

8.2.1 Die Raad mag ’n lid skors wat

a) in gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die SABT verskuldig is binne 60 dae nadat ’n skriftelike eis vir sodanige vereffening deur die SABT aan hom gepos is, te betaal;

b) die Grondwet of enige reël van die SABT oortree het en wat na oordeel van die Raad op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor ’n amptenaar, of tot nadeel van die aard en belange van die SABT opgetree het;

c) deur sy handeling of versuim, werklike of moontlike oneer aan die SABT gebring het of wat skuldig was aan gedrag wat strek tot nadeel van die ras of die SABT;

d) met opset vir persoonlike gewin of voordeel foutiewe informasie aan die SABT of enige van sy amptenare verstrek het, of wat aan die liggaam van ’n dier sodanige veranderings aangebring het om enige persoon te mislei;

e) probeer om ’n amptenaar van die SABT om te koop; of

f) skuldig bevind is op grond van oortreding van die Wet;

met dien verstande dat

geen stappe vir skorsing teen ’n lid van die SABT geneem sal word alvorens die SABT nie minstens 30 dae voor die datum van die vergadering waarop sodanige skorsing behandel sal word, ’n geregistreerde brief aan so ’n lid gerig het nie waarin hy in kennis gestel word van sy voorgestelde skorsing en waarin daar ’n beroep op hom gedoen word om skriftelik of persoonlik, of indien hy so verkies, deur sy behoorlike gemagtigde verteenwoordiger, sy kant van die saak op die vergadering te stel.

8.2.2 Die Raad of enige komitee van die Raad sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in verband met die gedrag van ’n lid soos wat die Raad of sy komitee mag goedvind en die Raad of sy komitee sal geregtig wees om sodanige informasie by enige plek, persoon, firma en/of instansie in te win en daarvolgens te handel op ’n wyse soos wat die Raad mag goeddink. Geen besluit gegrond op sodanige inligting sal geneem word sonder dat ’n billike kans aan ’n lid gegun word om skriftelik te reageer op die inligting aldus ingewin nie.

8.2.3 Enige lid wat geskors is, moet deur die Vereniging skriftelik daarvan in kennis gestel word binne drie dae ná die datum waarop die besluit met betrekking tot sy skorsing goedgekeur is.

8.2.4 Na sodanige skorsing van ’n lid sal sy naam van die ledelys of enige ander registers of verslae van die SABT verwyder word, alle aantekeninge of registrasies ten opsigte van Boerboele wat deur die geskorsde lid geteel is en ten tye van sy skorsing in sy besit was en ten opsigte waarvan vals inligting verskaf is, sal gekanselleer word, geen geboortekennisgewings van hom ontvang, sal aanvaar word nie en hy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

8.2.5 Enige lid wat geskors word, sal alle geld deur hom aan die SABT verskuldig ten volle betaal, en al sy verpligtinge ten opsigte van aantekeninge of registrasies en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy lidmaatskap nakom.

8.2.6 Enige persoon wat as lid van die SABT geskors word, bly aanspreeklik vir alle subskripsies en geld deur hom aan die SABT verskuldig tydens sy skorsing.

9. HERINSTELLING VAN LEDE

9.1 Enige persoon wat opgehou het om lid van die SABT te wees, weens nie-nakoming van finansiële verpligtinge, mag weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalinge van Klousule 3.3 en nadat alle agterstallige skuld vereffen is.

9.2 Indien ’n geskorste lid heraansoek doen, kan die Raad, in sy uitsluitlike diskresie, besluite rakende sy hertoetrede neem.

10. VERKIESING VAN DIE RAAD EN UITVOERENDE KOMITEE

10.1 Samestelling van die Raad

Die belange van die SABT word beheer en bestuur deur ’n Raad wat soos volg saamgestel sal wees, naamlik die

a) Voorsitter;

b) Ondervoorsitter;

c) Nege (9) raadslede, een vir elke provinsie en welke raadslid permanent gevestig en woonagtig moet wees in die provinsie waarvoor hy verkies mag word;

(d) ’n maksimum van vier buitelandse verteenwoordigers; en

(e al hierdie raadslede sal stemgeregtig wees.

10.2 **Die metode van verkiesing sal soos volg wees**

a) Die elf verkose raadslede sal per geslote stembrief op die Algemene Jaarvergadering van die SABT verkies word.

b) Die buitelandse verteenwoordigers sal deur die betrokke land of streek benoem word en deur die elf verkose raadslede aangestel word.

c) Ten einde kontinuïteit te bevorder, sal daar

i) tydens die eerste verkiesing van raadslede ná die inwerkingtreding van die nuwe Grondwet van 2006/01/28 deur die lot bepaal word welke van die dienende voorsitter of ondervoorsitter en vier van die verkose raadslede sal uittree en sal daar ’n nuwe voorsitter of ondervoorsitter en vier nuwe raadslede verkies word. Uittredende raadslede sal weer verkiesbaar wees. Indien enige raadslid op ’n vergadering vir verkiesing van raadslede sy uittrede sou aankondig, sal die lot slegs ten opsigte van die oorblywende raadslede wat moet uittree, gewerp word.

ii) Aan die einde van die volgende jaar sal die voorsitter of ondervoorsitter, na gelang van wat die geval mag wees, en die ander vyf raadslede uittree en ’n verkiesing vir hul poste gehou word. Die uittredende raadslede en voorsitter/ondervoorsitter sal weer verkiesbaar wees.

iii) Hierna sal alle verkose raadslede hul ampte vir twee jaar beklee, en sal daar jaarliks ’n verkiesing gehou word om die vakatures deur die uittredende raadslede gelaat, te vul.

iv) Die voorsitter/ondervoorsitter word eerste verkies na gelang van wat die geval mag wees en daarna die raadslede.

d) Die voorsitter en ondervoorsitter sal ’n Uitvoerende Komitee benoem wat uit die voorsitter en ondervoorsitter tesame met minstens drie verkose raadslede sal bestaan.

10.3 Indien ’n lid van die Raad te sterwe kom, bedank, ophou om lid van die SABT te wees of sy amp ingevolge Klousule 10.5 verbeur, kan die Raad ’n ander lid van die SABT as sy plaasvervanger met volle bevoegdhede vir die res van sy dienstermyn aanwys. Die Raad sal as behoorlik gekonstitueer beskou word, en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is, uit te voer, nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

10.4 In die geval waar die pos van voorsitter of ondervoorsitter vóór die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is vakant raak, moet die Raad op sy daaropvolgende vergadering een uit sy geledere per stembrief verkies om die vakature vir die onverstreke tydperk te vul.

10.5 Enige lid van die Raad wat van twee vergaderings van die Raad, met of sonder verlof of grondige rede, afwesig is, kan deur die Raad uit sy amp onthef word en ’n ander raadslid vir die onverstreke gedeelte van sodanige Raadslid se termyn benoem.

10.6 Geen lid van die SABT wat ook lid is van ’n ander Boerboelvereniging en enige amp beklee by sodanige Vereniging, sal enige amp in die SABT mag beklee nie.

10.7 **Uitvoerende komitee**

a) Die Uitvoerende Komitee sal uit die voorsitter, ondervoorsitter en minstens drie addisionele lede bestaan en deur die voorsitter en ondervoorsitter uit die verkose lede van die Raad aangewys word.

b) Die Uitvoerende Komitee sal die volgende magte, pligte en bevoegdhede hê:

i) Dag tot dag administratiewe beheer uitoefen.

ii) Sodanige magte soos van tyd tot tyd deur die Raad aan die Uitvoerende Komitee gedelegeer.

iii) Bevoegdheid om besluite van die Raad uit te voer en te implementeer.

iv) Probleme en probleemareas te identifiseer en op die agenda te plaas vir oorweging deur die Raad en aanbevelings te doen.

11. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die Raad het, onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet en die besluite van die SABT soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die SABT is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstelling wat nodig of wenslik geag mag word.

In besonder het die Raad die mag om

11.1 betaling van geldlenings op enige wyse te sekureer, insluitende die verhipotekering of verpanding van goed, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van die soort skuldbrief of skuldbriefeffekte, met of sonder sekuriteit;

11.2 donasies of skenkings te maak ter bevordering van die ras;

11.3 gratifikasie en pensioene te betaal, pensioenskemas en ander aansporingskemas ten opsigte van sy ampsdraers en werknemers tot stand te bring;

11.4 onderhewig aan die bepalings van klousule 7.1 die ledegeld of verpligtinge van tyd tot tyd te wysig of aan te pas en om enige bykomende geld en verpligtinge aan te beveel soos nodig geag mag word;

11.5 een of meer bankrekenings namens die SABT te open en enige wissel, skuldbewys, tjek of ander verhandelbare dokument wat op sake van die SABT betrekking het te trek, te aanvaar te endosseer, aan te gaan of uit te voer;

11.6 geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, met verband te beswaar of vir die SABT aan te skaf; om roerende goedere of vaste eiendom van die SABT te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak, en die vergoeding daaruit verkry op so 'n wyse aan te wend as wat tot die grootste voordeel van die SABT gereken mag word;

11.7 enige geld wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die SABT nodig is nie, te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek;

11.8 al die koste en rekenings met betrekking tot die administrasie en bestuur van die SABT te betaal;

11.9 geld, donasies en ander skuld en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die SABT en/of tot bevordering van die Boerboelras aan te wend;

11.10 op sekuriteit van enige eiendom van die SABT geld vir die SABT te leen;

11.11 ooreenkomstig Klousule 7.3 te weier om keuring, registrasie en ander werk vir lede te doen indien hulle rekening agterstallig is;

11.12 Algemene of Spesiale Algemene Vergaderings van die SABT te belê, of na aanleiding van ’n spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalings van die grondwet gerig is, of andersins indien dit noodsaaklik geag word;

11.13 na goeddunke, sodanige prokureurs of ander regsverteenwoordigers, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan of te skors; om hulle magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hulle pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word;

11.14 gedinge in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, aangeleenthede vir arbitrasie te verwys of ’n skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die SABT of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die SABT en om enige skuld wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die SABT;

11.15 kontrakte buite die Republiek aan te gaan en kontrakte, aktes en dokumente in ’n vreemde land te verkry;

11.16 beheer uit te oefen met betrekking tot die plaaslike hantering, invoer en uitvoer van Boerboele, Boerboelsemen en eiselle;

11.17 keurders aan te stel om Boerboele wat vir registrasie aangebied word, te keur en vir die doel van enige ander werksaamhede waarvoor lede van die SABT die dienste van die keurders mag verlang en om die sodanige keurders opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstelling van die SABT uitgevoer word, of om hulle te ontslaan;

11.18 raadslede by te staan of opdrag te gee om streeksverteenwoordigers aan te stel en te betrek by sy aktiwiteite in sy provinsie. Raadslede het die mag om Boerboelklubs te stig, mits aan al die vereistes voldoen word soos in Paragraaf 3.1(f);

11.19 die dienste van enige lid van die SABT te koöpteer en om subkomitees te benoem op sodanige voorwaardes en sodanige magte aan hul te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die voorsitter en ondervoorsitter van die SABT is *ex officio*-lede van alle klubs en subkomitees met alle regte en voorregte;

11.20 sodanige reëls en voorwaardes op te stel met betrekking tot die kwalifikasies en benoeming van keurders van Boerboele as wat nodig geag mag word, met dien verstande dat geen persoon as keurder van Boerboele aangestel sal word alvorens hy voldoen aan sodanige vereistes as wat deur die Raad bepaal mag word nie. Verder, om van tyd tot tyd die paneel van keurders in heroorweging te neem en om daaruit sodanige name te verwyder as wat nodig geag mag word;

11.21 ’n sisteem van keuring ten opsigte van die Boerboel in te stel en om reëls, voorwaardes en terme aangaande sodanige keuring te formuleer, met dien verstande dat, wanneer die Raad enige reëls opgestel, of herroep of op enige ander wyse verander het, sodanige reëls by die eersvolgende Algemene Vergadering van die SABT vir die inligting van sodanige vergadering voorgelê moet word;

11.22 verkope van Boerboele te organiseer en te bevorder, hetsy deur openbare veilings of uit die hand en om vir hierdie doel afslaers en agente aan te stel;

11.23 aan enige lid van die Raad of enige amptenaar of werknemer van die SABT verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word;

11.24 een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die SABT dokumente te onderteken, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, 'n eis in te stel, of gedagvaar te word, sodat die sake van die SABT beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;

11.25 aansoeke om lidmaatskap te ontvang en te oorweeg en dit na eie oordeel te aanvaar of af te wys;

11.26 reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellings van die SABT op te stel, te wysig of op te hef;

11.27 ooreenkomstig Klousule 8 die lidmaatskap van enige persoon te beëindig;

11.28 sodanige strawwe of boetes op te lê of af te dwing as wat van tyd tot tyd vir lede van die SABT voorgeskryf mag word vir die oortreding of skending van die Grondwet, reëls en regulasies van die SABT;

11.29 ondersoek in te stel na geskille wat uit die toepassing van die Grondwet mag ontstaan en om uitsluitsel daaromtrent te gee;

11.30 enige bylae tot die Grondwet, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig geag mag word; en

11.31 in die algemeen, alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die SABT en die hantering van sy sake; altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalinge van die Wet en die Grondwet nie.

11.32

a) Die Raad sal die reg hê om te eniger tyd enige Boerboel/-e of hele telerye aan bloed- en/of DNS-tiperingstoetse te onderwerp ten einde die juistheid van ouerskap te toets. In die geval waar die Raad die toetse aanvra, is die SABT vir die koste van die toetse aanspreeklik mits die toetse positief is. Indien slegs een dier negatief is, sal die eienaar vir al die toetse betaal, asook vir die verdere toetse wat die Raad mag aanvra. Die Raad sal in sy diskresie telerye nomineer wat gebloedtipeer en/of aan DNS-toetse onderwerp moet word met die doel om die juistheid van ouerskap en ordelike rekordhouding te toets.

b) Die geboortekennisgewings of registrasie van 'n Boerboel waarvan bloed- en/of DNS-tiperingstoetse deur die Vereniging aangevra word, sal gekanselleer word indien die toets negatief is en sal die Raad verder in sy diskresie besluit watter tugstappe teen die eienaar/teler ingestel sal word.

12. VERGADERINGS

12.1 Vergaderings van die Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee sal, wanneer nodig, vergader om die pligte wat deur die Raad opgedra is, uit te voer.

12.1.1 'n Raadslid mag die voorsitter verlof vra om persoonlik enige sake van belang voor die Uitvoerende Komitee te lê op voorwaarde dat hy volledig op skrif stel wat die aard van die saak is. Indien die voorsitter besluit dat die saak van genoegsame belang en dringendheid is, mag hy verlof verleen dat so 'n raadslid die Uitvoerende Komitee se vergadering bywoon om, met toestemming van die Komitee, die vergadering toe te spreek.

12.1.2 Indien die voorsitter nie die saak van genoegsame belang ag nie, mag hy verlof tot bywoning weier en, indien hy so oordeel, toesien dat die aangeleentheid op die agenda vir hantering tydens die betrokke Uitvoerende Komitee-vergadering geplaas word.

12.2 **Raadsvergaderings**

12.2.1 Die Raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat van tyd tot tyd deur hom bepaal mag word, of soos wat die voorsitter of ondervoorsitter mag besluit; op voorwaarde dat minstens twee raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word.

12.2.2 ***'n Spesiale Raadsvergadering***

a) mag deur die voorsitter of ondervoorsitter belê word, op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit, of

b) sal belê word op grond van 'n aansoek onderteken deur nie minder as vyf raadslede nie, waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoek moet aan die SABT gerig word.

12.2.3 Skriftelike kennisgewing van tyd, datum en plek van 'n voorgenome raadsvergadering moet nie minder nie as 21 dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die SABT aan elke lid van die Raad gepos word.

12.3 **Algemene vergaderings**

12.3.1 'n Algemene Vergadering van die SABT wat as die Algemene Jaarvergadering bekend staan, word een keer in 'n finansiële jaar gehou, op so 'n tyd waarop die voorsitter of ondervoorsitter sal besluit.

12.3.2 By so 'n Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die SABT voorlê, tesame met 'n behoorlike geouditeerde balansstaat en 'n verslag van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het.
Sodanige Algemene Jaarvergadering sal nie later as twee maande na die einde van elke finansiële jaar van die SABT gehou word nie.

12.3.3 ***'n Spesiale Algemene Vergadering*** van die SABT mag te eniger tyd belê word deur

a) die Raad, of

b) die voorsitter of ondervoorsitter en sal in laasgenoemde geval op grond van 'n skriftelike aansoek wat aan die SABT gerig is, en wat deur nie minder nie as tien van die lede van die SABT onderteken is, belê word. So 'n aansoek moet die doelstellinge van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

12.3.4 'n Voorlopige kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n Algemene Jaarvergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Vereniging aan elke lid gepos of in die amptelike mondstuk van die SABT gepubliseer word. Enige lid wat van plan is om enige saak by die Algemene Vergadering vir bespreking voor te lê, moet die SABT skriftelik daarvan in kennis stel, nie minder nie as 40 dae voor die vergadering.

12.3.5 'n Finale kennisgewing van tyd, datum en plek waarop enige Algemene of Spesiale Vergadering gehou sal word, tesame met die agenda vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die SABT gepos word.

12.3.6 Daar sal geen besluit op 'n Algemene Vergadering geneem word, tensy kennis daarvan op die agenda, wat tesame met die kennisgewing van vergadering aan lede gestuur is verskyn nie, of tensy so 'n vergadering met 'n twee-derde meerderheid van stemme, van lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem.

12.3.7 Enige Algemene Vergadering mag deur ’n twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is, verdaag word.

12.3.8 Vir die doel om besluite op ’n Algemene Jaarvergadering geneem, te herroep, word ’n twee-derde meerderheid op ’n Spesiale Algemene Vergadering vereis.

12.4 Die voorsitter beklee die voorsitterstoel op alle vergaderings en indien hy afwesig is, beklee die ondervoorsitter die amp. Indien daar nie een van hierdie ampsdraers by ’n vergadering teenwoordig is nie, moet die lede wat teenwoordig is, ’n ander lid verkies om op sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee en enige persoon wat op so ’n manier verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering oor die mag beskik om al die pligte van die voorsitter uit te voer.

12.5 Alle sake wat voor enige vergadering gelê word, tensy andersins voorsien word, moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig is en stemgeregtig is en in die geval van ’n staking van stemme, sal die persoon wat op die vergadering die voorsitterstoel inneem, ’n beslissende stem naas sy gewone stem hê.

12.6 Onderworpe aan die bepalings van Klousule 10.2, sal stemming op alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per brief verlang, in welke geval stemming per geslote stembrief sal geskied.

12.7 Geen saak wat origens behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word nie; al het enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang nie.

12.8 **Kworums**

12.8.1 Twintig van die lede van die SABT wat stemgeregtig is en persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige Algemene Vergadering of Spesiale Algemene Vergadering vorm ’n kworum vir so ’n vergadering, terwyl vyf raadslede wat persoonlik teenwoordig is by enige raadsvergadering en wat stemgeregtig is, ’n kworum vir so ’n raadsvergadering sal vorm en drie komiteelede wat persoonlik teenwoordig is by enige Uitvoerende Komitee-vergadering, sal ’n kworum vorm vir sodanige Uitvoerende Komitee-vergadering.

12.8.2 Indien daar by enige vergadering nie ’n kworum teenwoordig is nie, kan die vergadering verdaag tot ’n tyd wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so ’n uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel ’n kworum, met dien verstande dat enige vergadering waar daar geen kworum is nie, maar waar die voorsitter of ondervoorsitter teenwoordig is, vir ’n halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, ’n kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe grondwetlike wysiging) as wat die lid wat die voorsitterstoel beklee, dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir ’n halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om na aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is te verdaag tot ’n tyd en plek soos hierin bepaal.

12.8.3 ’n Lid sal stemgeregtig wees op alle vergaderings gehou voor of op 31 Maart van elke jaar, mits sy ledegeld vir die voorafgaande jaar ten volle betaal is. Ná 31 Maart sal hy slegs stemgeregtig wees indien sy ledegeld vir die huidige jaar ten volle betaal is.

13. NOTULES VAN VERGADERINGS

13.1 ’n Afskrif van die notule van alle vergaderings sal direk ná sodanige vergadering, maar nie langer as 21 dae daarna nie, aan elke lid van die Raad voorsien word.

13.2 Die notule van alle vergaderings, geteken deur die voorsitter of ’n persoon wat die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, uitgesluit ’n Spesiale Vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar of herroep gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

13.3 Daar sal ’n register van alle besluite geneem, herroep of gewysig onder die nuwe Grondwet wat op 2006/01/28 goedgekeur is, gehou word.

14. FINANSIëLE BEPLANNING

14.1 Die Raad sal sorg dat een of meer bankrekenings namens die SABT geopen word, waarin alle geld wat die Vereniging ook al mag ontvang, gedeponeer word.

14.2 Alle betalings uit die fondse van die SABT word per tjek of elektronies gedoen en die betalings moet deur die sekretaris/-esse of ’n persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, geteken en mede-onderteken word deur sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is, ooreenkomstig Klousule 11.27, op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, die Raad sal verhoed om ’n kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie. Ook kan sodanige gereelde en gewone maandelikse rekenings wat nie ’n bedrag wat deur die Raad vasgelê is oorskry nie, kontant betaal word, op voorwaarde dat die totale bedrag wat nodig is vir die betaling van sodanige rekening, getrek word.

14.3 Die SABT moet behoorlik rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd, maar nie minder as een keer per jaar deur ’n gekwalifiseerde ouditeur, wat deur ’n Algemene Vergadering van die SABT daartoe aangestel is, geouditeer word en ’n behoorlike geouditeerde balansstaat en verslag van die finansies van die SABT, soos op 31 Desember van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het, moet aan die Algemene Jaarvergadering van die SABT voorgelê word.

14.4 Al die besittings van die SABT is in die Raad gevestig.

14.5 Die inkomste en besittings van die SABT, uit watter bron ook al ontvang, sal enkel en alleen ter bevordering van die doelstellinge van die SABT aangewend word en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die SABT is of was nie, op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, die betaling in goedertrou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die SABT gelewer is, kan verhoed nie.

14.6 Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die SABT, en nadat al die skuld en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van die SABT verdeel of aan hulle uitbetaal word nie, maar aan sodanige ander instellings soos deur die meerderheid op ’n Algemene Vergadering van die SABT besluit, geskenk of oorgedra word.

14.7 Die finansiële jaar van die SABT neem ’n aanvang op 1 Januarie van elke kalenderjaar en sluit op 31 Desember van daardie kalenderjaar.

15. IDENTIFIKASIE

15.1 Die SABT se amptelike stelsel van permanente identifikasie van Boerboele wat vir aantekening of registrasie in aanmerking kom, is mikroskyf inplantings.

15.2 Die Raad mag van tyd tot tyd alternatiewe identifikasiemetodes bepaal.

16. KONSTITUSIONELE WYSIGINGS

16.1 Byvoegings tot, of wysigings aan, of veranderings van die Grondwet mag slegs deur ’n meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by ’n Algemene Vergadering van die SABT teenwoordig en stemgeregtig is, aangebring word. Ook moet skriftelik kennis van die voorgestelde wysigings aan en byvoegings tot die Grondwet, asook van die vergadering, aan elke lid van die SABT nie minder as 30 dae voor die vergadering nie gegee word.

17. NIELEDE

Sodanige voordele van lidmaatskap soos wat die Raad mag bepaal, mag aan nielede verleen word; op voorwaarde dat daar geen wetlike of ander verpligtinge op die SABT sal rus ten opsigte van sodanige nielede nie en op verdere voorwaarde dat alle geld met betrekking tot enige dienste wat deur die SABT aan enige nielede gelewer word, sal wees soos deur die Raad van die SABT bepaal. Sodanige geld sal vooruitbetaalbaar wees.

18. SETEL VAN DIE SABT

Die setel van die SABT sal die dorp of stad wees soos deur die Raad bepaal.

19. GELDIGE WEERGAWE VAN HIERDIE GRONDWET

Aangesien hierdie Grondwet en die bygaande Bylaes in Afrikaans opgestel, ingedien en oorweeg is, word die Afrikaanse lesing as die geldige weergawe beskou in geval van enige dispuut.

20. OPSTELLINGSINLIGTING

a) Opgestel deur die Raad van die SABT

b) Datum van voorlegging aan die Raad: 11 November 2005

c) Datum van goedkeuring deur die Uitvoerende Komitee: 28 November 2005

d) Datum van voorlegging aan die Spesiale Algemene Jaarvergadering: 28 Januarie 2006

e) Implementeringsdatum: 28 Januarie 2006

f) Goedgekeur deur die Algemene Jaarvergadering en ondertekening deur die Ampsdraers

Datum: 28 Januarie 2006

Plek: Wierdapark, Pretoria

Voorsitter: J P van Wyk

Ondervoorsitter: B Botha

Getuies: J Blomerus

L van Vuuren

21. WYSIGINGSINLIGTING

a) Opdrag van Spesiale Algemene Vergadering gehou op 31 Mei 2008

b) Opgestel deur die Raad van die SABT

c) Datum van inwerkingtreding: 31 Mei 2008

d) Bekragtig deur die Algemene Jaarvergadering

Datum:	21 Februarie 2009
Plek:	Wierdapark Pretoria
Voorsitter:	J F du Toit
Ondervoorsitter:	A Pretorius
Getuies:	F J van der Merwe
	J P van Wyk